Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Malik

Skepper-Eienaar en Regter

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Skepper, die Eienaar, die Regeerder en die Regter van die hele Heelal is: dit wat sigbaar is en dit wat onsigbaar is, en van die hele skepping, vanaf voor die begin tot na die einde.

Enkele Versverwysing:

Koran 1:3 “Die Skepper-Eienaar en Regter van die Oordeelsdag.”

Koran 20:114 “So hoog bo alles verhewe is Allah, die ware Skepper-Eienaar en Regter. ...”